ADJUNKKONSTABEL ABEL

(die adjunk)

'n Moordverhaal in drie bedrywe

BEDRYF 1

Toe adjunkkonstabel Abel by die moordtoneel opdaag, lê die slagoffer steeds kop onderstebo, uitgestrek in 'n plas bloed. Hy hurk en druk sy voorvinger in die rooi wat deur sy Nikes sypel. Dit is klewerig en warm ... Forensies sal moet gou maak – die hittegolf bespoedig die ontbindingsproses. Hy vra rond en skryf opsommend in sy notaboek:

Tyd: Die slagoffer is ***omstreeks half twee vanoggend*** oorval en in die bors gesteek. Sy het twaalf minute later beswyk.

Plek: Die slagoffer lê ***in 'n toilet in die Ghandi Square, Marshalltown, Johannesburg.***

Wyse: Die slagoffer is ***herhaaldelik en brutaal*** met 'n mes gesteek.

Adjunkkonstabel Abel vryf oor sy dag oue stoppelbaard en stap na die verdagte wat eenkant geboei staan en wag op die polisiewa om hom op te laai. Passiemoorde is altyd so voorspelbaar.

BEDRYF 2

Wat is 'n adjunk?

Adjunkte is **nieverpligte sinsdele in die gesegde van die sin**. Dit beteken dat hierdie sinsdele nie nodig is om die sin grammatikaal te maak nie. 'n Sin moet 'n subjek hê, en 'n sin moet 'n gesegde hê. Die subjek moet ten minste uit 'n naamwoord of 'n voornaamwoord bestaan, en die gesegde moet ten minste 'n hoofwerkwoord bevat:

- *Carina leer*.
- *Sy verstaan.*
- *Die aanvaller moor.*

Adjunkte dra egter by tot die rykheid van die betekenis wat deur die sin gekommunikeer word (Van Rooy 2017:286) en in die konteks van my storietjie hier bo, benodig adjunkkonstabel Abel juis die ryk en waardevolle inligting wat deur die inhoud van die adjunk verskaf word.

- *Carina leer **baie hard vir die Wiskundetoets***.
- *Die aanvaller moor **brutaal***.

Watter soorte adjunkte kry ’n mens?

Ons onderskei twee soorte adjunkte: randadjunkte en bywoordelike bepalings

Wat is ’n randadjunk?

Randadjunkte is gewoonlik nie moeilik om te herken nie, want hulle word met kommas van die res van die sin geskei. Randadjunkte kan aan die begin, in die middel, of aan die einde van die sin voorkom, en dit kan vormlik bestaan uit woorde, frases of sinne. Die vetgedrukte dele in die volgende voorbeeldsinne is alles randadjunkte:

- ***Greta**, het jy die tafel gedek?*
- ***Goeiemôre meneer Dippenaar**, hoe gaan dit vandag?*
- ***Verdomp**, kyk waar jy loop!*
- *Kyk jy, **Sarie**, waar jy loop?*
- *Kyk waar jy loop, **verdomp**!*
- *Dit is mos jy wat vanaand sing, **nie waar nie**?*
- *Wat is jou naam, **hè**?*

Wat is ’n bywoordelike bepaling?

’n Bywoordelike bepaling is ’n weglaatbare sinsdeel wat in die gesegde voorkom. Dit is een van die begrippe wat oneindige verwarring veroorsaak, daarom bespreek ek dit hier breedvoerig.

Wanneer praat ons van ’n “bywoordelike bepaling” en wanneer praat ons van ’n “bywoord”?

Een van die grootste kopsere vir onderwysers en leerders, is om te onderskei tussen die benaming **bywoordelike bepaling** en die term **bywoord**.

Onthou dat **bywoord** verwys na ’n woordsoort. Woordsoorte is volledig in die Afrikaanse Skoolgrammatika bespreek (gratis toeganklik in ons Taalonderrigportaal), en die bywoord is breedvoerig bespreek en toegelig in die hoofstuk oor bywoorde.

’n **Bywoordelike bepaling** is ’n sinsfunksie. Dit beteken dit is ’n sinsdeel wat ’n bepaalde funksie in die sin verrig.

Dit is baie belangrik om hierdie beginsel onder die knie te kry: **’n Woord het ’n woordsoort, en ’n sinsdeel het ’n funksie.** Wanneer ons van woordsoorte praat, praat ons oor die woord se verhouding met ander woorde. Wanneer ons van sinsfunksie praat, verwys ons na die werk wat ’n bepaalde sinsdeel ten opsigte van die werkwoord in die sin verrig.

Dit klink dalk vreeslik verwarrend, maar kom ek verduidelik die verskil aan die hand van hierdie voorbeeldsin:

- *Carina leer hard.*

As ons hierdie sin se **woordsoorte** bepaal, sien ons daar is ’n naamwoord (*Carina*, ’n eienaamwoord), ’n hoofwerkwoord (*leer*, in hierdie geval onoorganklik) en ’n bywoord (*hard*, in hierdie geval ’n adjektiwiese bywoord, want dit is gradeerbaar).

As ons die sin se **sinsfunksies** bepaal, sien ons daar is ’n subjek (*Carina*), ’n gesegde (*leer hard*), wat bestaan uit ’n predikator (*leer*) en ’n adjunk wat binne die gesegde voorkom en dus ’n bywoordelike bepaling is (*hard*).

Soos wat *Carina* in die voorbeeldsin woordsoortlik ’n naamwoord is en in die sinsfunksie van subjek optree, so is *hard* woordsoortlik ’n bywoord wat in die sinsfunksie van bywoordelike bepaling optree. Dit is waar dat *hard* ’n bywoord is, maar ons praat oor **bywoorde** as ons van woordsoorte praat. Dit is ook waar dat *hard* in hierdie sin ’n bywoordelike bepaling is, maar ons praat oor bywoordelike bepalings as ons van sinsfunksies praat.

Dit gaan dus gewoon oor met watter deel van die grammatikabeskrywing ons besig is. Die term **bywoord** hoort by woordsoorte. Die term **bywoordelike bepaling** hoort in die sintaksis.

Moet daar ’n bywoord in die bywoordelike bepaling wees?

Die kort antwoord is: nee. Die langer antwoord is: Die bywoordelike bepaling doen ’n werk in die sin. Hierdie werk kan vormlik deur ’n woord, ’n frase of ’n sin verrig word. As die bywoordelike bepaling ’n frase of ’n sin is, is daar heel moontlik nie ’n bywoord in die bywoordelike bepaling nie:

- *Carina leer **saans**.*
- *Carina leer **in die aande**.*
- *Carina leer **wanneer haar huismense al slaap**.*

In hierdie voorbeeldsinne is die vetgedrukte dele telkens die bywoordelike bepaling. Die werk wat hierdie sinsdele vir die sin doen, is dieselfde, al verskil hierdie sinsdele totaal wat hulle vorm betref: Die eerste is ’n woord (in hierdie geval ’n bywoord), die tweede is ’n frase (in hierdie geval n voorsetselstuk) en die derde is ’n sin (in hierdie geval ’n bywoordelike bysin). As jy die blog misgeloop het oor die onderskeid wat in die sintaksis tussen vorm en funksie getref word, lees dit hier.

Waar word die bywoordelike bepaling in die sin geplaas?

Bywoordelike bepalings kan aan die begin van die sin, naby die werkwoord in die middelveld, of aan die einde van die sin gebruik word:

- ***Soggens** is die verkeer erg.*
- *Die verkeer is **soggens** erg.*
- *Die verkeer is erg **soggens**.*

Wanneer meer as een bywoordelike bepaling in die sin gebruik word, is sprekers geneig om hulle te plaas in die volgorde: **tyd, wyse, plek:**

- *Ek ry [soggens] [met my kar] [werk toe].*

Dit is egter nie ’n voorskrif nie. Dis net so korrek om te skryf:

- *Ek ry [soggens] [werk toe] [met my kar].*
- *[Soggens] ry ek [werk toe] [met my kar].*

Watter soorte bywoordelike bepalings word in die sintaksis onderskei?

Sintakties onderskei ons tussen die volgende:

- **Bywoordelike bepalings van omstandigheid**

- **Bywoordelike bepalings van houding**
- **Bywoordelike bepalings van skakeling**

Die bywoordelike bepaling waarmee ons as onderwysers hoofsaaklik gemoeid is, is die **bywoordelike bepaling van omstandigheid** en dit verdeel tradisioneel onder die drie hoofkategorieë **tyd, wyse** en **plek**. Ponelis (1979: 351; 325) onderskei egter ook graad en rigting as onderafdelings van bywoordelike bepalings van omstandigheid. So lyk sulke bywoordelike bepalings in ŉ sin:

- ***Saans*** *is dit koel.*
- *Eet jou kos* ***met ŉ mes en vurk****.*
- *Hy het die boek* ***in sy tas*** *gesit.*
- *Hy praat* ***wanneer hy veronderstel is om stil te bly****.*
- *Die meisies skree* ***kliphard****.*

Bywoordelike bepalings van houding druk die gesindheid van die spreker teenoor die situasie uit, en lyk so:

- *Ek het jou* ***mos*** *gesê.*
- *Dit is* ***darem*** *die moeite werd.*
- *Gaan jy* ***nou regtig*** *met haar trou?*

Bywoordelike bepalings van skakeling tree gewoonlik tussen sinne (hoofsinne of bysinne) op, en lyk so:

- *Hy is moeg,* ***nietemin*** *slaap hy nie.*
- *Ons is nou klaar met sessie 1.* ***Vervolgens*** *doen ons praktiese werk.*

Waarmee kan die bywoordelike bepaling moontlik verwar word?

Bywoorde kan voor adjektiewe voorkom wat byvoorbeeld in die subjek van ŉ sin staan. In so ŉ geval is daardie bywoord nie ŉ bywoordelike bepaling nie, dis gewoon ŉ deel van die subjek.

- *ŉ Paar* ***baie*** *dapper mense durf sintaksis aan.*
- ***Erg*** *gestremde leerders kan ook hierdie aktiwiteit bemeester.*

BEDRYF 3

Danksy die inligting wat adjunkkonstabel Abel uit die tyd, wyse en plek van my moordverhaal kon vind, was dit maklik om die slagoffer en verdagte op te spoor. Die bywoordelike bepaling is soos ‘n polisieverslag wat meer inligting oor *aangerand*, die werkwoord, gee:

- *Die verdagte het **omstreeks halftwee vanoggend** die slagoffer **herhaaldelik en brutaal** aangerand **in ‘n toilet op die Ghandi square, Marshalltown, Johannesburg***.

Tot volgende keer!

Cecilia